From a point (A on sketch-map P1185) at the junction with main road 32 on the farm Spioenkop 342 in the district of Mariental generally south-south-eastwards across the said farm and the farms Cobra 349, Remainder of Dempster 356 and Tierpan 363 to a point (B on sketch-map P1185) at the junction with district road 1109 on the last-mentinoed farm.

SCHEDULE II

From a point (C on sketch-map P1185) at the junction with district roads 1032 and 1114 on the farm Arbeidskroon 502 in the district of Mariental generally east-south-eastwards across the said farm and the farms Eldorando 616 and Farm 500 to a point (D on sketch-map P1185) at the junction with farm roads 1122 and 1022 on the last-mentioned farm.

SCHEDULE III

From a point (C on sketch-map P1185) at the junction with district roads 1040 and 1032 on the farm Arbeidskroon 502 in the district of Mariental generally north-north-eastwards across the said farm and farms Humor 565, Eersterus 496, Rustug 562, Sandvlakte 572, Sandvlakte 283 and Portion 1 (Wandervogel Oos) of Wandervogel 282 to a point (E on sketch-map P1185) at the junction with main road 39 on the last-mentioned farm.

(c) die nommer van daardie gedeelte van distrikspad 1114 beskryf in Bylae III en aangetoon op sketskaart P1185 verander is na 1032.

BYLAE I

Van 'n punt (A op sketskaart P1185) by die aansluiting met grootpad 32 op die plaas Spioenkop 342 in die distrik Mariental algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde plaas en die plase Cobra 349, Restant van Dempster 356 en Tierpan 363 tot op 'n punt (B op sketskaart P1185) by die aansluiting met distrikspad 1109 op laasgenoemde plaas.

BYLAE II

Van 'n punt (C op sketskaart P1185) by die aansluiting met distrikspaaie 1032 en 1114 op die plaas Arbeidskroon 502 in die distrik Mariental algemeen oossuidooswaarts oor genoemde plaas en die plase Eldorando 616 en Plaas 500 tot op 'n punt (D op sketskaart P1185) by die aansluiting met plaaspaaie 1122 en 1022 op laasgenoemde plaas.

BYLAE III

Van 'n punt (C op sketskaart P1185) by die aansluiting met distrikspaaie 1040 en 1032 op die plaas Arbeidskroon 502 in die distrik Mariental algemeen noordnoordooswaarts en later al meer noordwaarts oor genoemde plaas en die plase Humor 565, Eersterus 496, Rustug 562, Benoud 572, Sandvlakte 283 en Gedeelte 1 (Wandervogel Oos) en Wandervogel 282 tot op 'n punt (E op sketskaart P1185) by die aansluiting met grootpad 39 op laasgenoemde plaas.

General Notices

No. 7 1983

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN: AMENDMENT OF STAFF REGULATIONS

The council of the Municipality of Grootfontein has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), amended the regulations published under Government Notice 119 of 1969, as applied to the Municipality of Grootfontein by Government Notice 27 of

Algemene Kennisgewings

No. 7 1983

MUNISIPALITEIT VAN GROOTFONTEIN: WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit van Grootfontein het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 1969, soos op die Munisipaliteit van Grootfontein van toepassing

1970, by the substitution in regulation 34 for the expression "5%" of the expression "8,33%".

The said amendment has been approved by the Administrateur-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

gemaak by Goewermentskennisgewing 27 van 1970, gewysig deur in regulasie 34 die uitdrukking "5%" deur die uitdrukking "8,33%" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 8 1983

MUNICIPALITY OF KARASBURG: AMENDMENT OF LOCATION REGULATIONS

The council of the Municipality of Karasburg has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations published under Government Notice 25 of 1949, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the AdministratorGeneral under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

SCHEDULE

Regulation 16 is hereby amended by the addition of the following paragraphs:

"(e) Removal of domestic refuse, per container per month or part of a month.....R2,00

(f) Removal of nightsoil, per container per month or part of a month R2,00

(g) Water consumed per month or part of a month ..... R3,00".

No. 8 1983

MUNISIPALITEIT VAN KARASBURG: WYSIGING VAN LOKASIEREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit van Karasburg het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 25 van 1949, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

BYLAE

Regulasie 16 word hierby gewysig deur die volgende paragrawe daarby te voeg:

"(e) Verwydering van huisvuil, per houer per maand of gedeelte van 'n maand ...R2,00

(f) Verwydering van nagvuil, per houer per maand of gedeelte van 'n maand ...R2,00

(g) Water verbruik per maand of gedeelte van 'n maand ..... R3,00".

No. 9 1983

MUNICIPALITY OF GOBABIS

ACCEPTANCE OF DRAFT TOWN PLANNING SCHEME

Notice is hereby given in terms of clause 5 of the Town Planning Regulations No. 102 of 1974 that the Town Council intends, subject to the approval of the Administrator-General to accept the draft Town Planning Scheme.

No. 9 1983

MUNISIPALITEIT VAN GOBABIS

AANVAARDING VAN KONSEP DORPS-BEPLANNINGSKEMA

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge Artikel 5 van die Dorpsbeplanningsregulasies No. 102 van 1974 dat die Stadsraad van voorneme is om onderworpe aan die goedkeuring van die Administrateur-generaal, die Konsep Dorpsbeplanningskema vir Gobabis te aanvaar.

The Draft Scheme will be open for inspection during normal office hours from Monday to Friday in the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Gobabis.

Any objections or representations must be lodged in writing to the Town Clerk, P.O. Box 33, Gobabis, to reach this office not later than 25th Februarie 1983 at 12h00.

J A VAN DER MERWE
TOWN CLERK

GOBABIS
7 January 1983

No. 10 1983

MUNICIPALITY OF WINDHOEK: AMENDMENT OF DRAINAGE REGULATIONS

The council of the Municipality of Windhoek has under section 242(31) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations published under Government Notice 208 of 24 October 1930, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

1. The following paragraph is hereby inserted after the heading "TARIFF OF CHARGES FOR USE OF DRAINS, SEWERS OR SEWERAGE WORKS IN THE MUNICIPAL AREA OF WINDHOEK":

"For the purposes of these charges -

(i) "category A sewage" means domestic sewage consisting of waste water and soil water discharged from residences, flats, boarding houses, hostels, single quarters, lodging houses, homes, hotels and nurses' quarters;

(ii) "category B sewage" means waste water and soil water discharged from educational institutions, prisons, sports grounds, clubs, any property referred to in section 165(1)(d) of the Municipal Ordinance, 1963, churces, church halls, show grounds, hospitals, clinics, maternity homes and charitable institutions;

Die konsepskema lê ter insae gedurende normale kantoorure vanaf Maandag tot Vrydag in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale kantore, Gobabis.

Enige besware of vertoë moet skriftelik gerig word aan die Stadsklerk, Posbus 33, Gobabis om hierdie kantoor nie later as 25 Februarie 1983 om 12h00 te bereik nie.

J A VAN DER MERWE
STADSKLERK

GOBABIS
7 Januarie 1983

No. 10 1983

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK: WYSIGING VAN DREINERINGS-REGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit van Windhoek het kragtens artikel 242(31) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 208 van 24 Oktober 1930, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

1. Die volgende paragraaf word hierby na die opskrif "Skaal van Tariewe vir die Gebruik van Rioolpype, Riole en Rioleringswerke in die munisipale gebied Windhoek" ingevoeg:

"Vir die doeleindes van hierdie tariewe beteken

(i) "kategorie A rioolslyk" huishoudelike rioolslyk bestaande uit afloopwater en vuilwater wat uitloop vanaf woonhuise, woonstelle, losieshuise, koshuise, enkelkwartiere, huurkamerhuise, tehuise, hotelle en verpleegsterskwartiere;

(ii) "kategorie B rioolslyk" afloopwater en vuilwater wat uitloop vanaf opvoedkundige inrigtings, gevangenisse, sportterreine, klubs, enige eiendom bedoel in artikel 165(1)(d) van die Munisipale Ordonnansie 1963, kerke, kerksale, skouterreine, hospitale, klinieke, kraaminrigtings en liefdadigheidsinrigtings;

(iii) "category C sewage" means waste water and soil water discharged from any building not mentioned in paragraph (i) or (ii):

Provided that where waste water and soilwater discharged from any building can be regarded as both category A sewage and category B sewage because of the nature of that building or the purposes for which it is used, it shall be regarded as category A sewage.".

(iii) "kategorie C rioolslyk" afloopwater en vuilwater wat uitloop van enige gebou wat nie in paragraaf (i) of (ii) vermeld word nie:

Met dien verstande dat waar afloopwater en vuilwater wat van 'n gebou uitloop vanweë die aard van daardie gebou of die doeleindes waarvoor dit gebruik word as beide kategorie A rioolslyk en kategorie B rioolslyk beskou kan word, dit as kategorie A rioolslyk beskou moet word.".

2. Paragraph A of the TARIFF OF CHARGES FOR USE OF DRAINS, SEWERS OR SEWERAGE WORKS in the municipal area of Windhoek is hereby amended by the substitution for subparagraphs (a), (b) and (c) of the following subparagraphs:

	Per month or part of a month
"(a) Per unimproved erf	R4,00
(b) Per inproved erf from which category A sewage is discharged	R4,00
(c) Per improved erf from which category B sewage is discharged -	
For every 6 soil water fittings, or fewer	R6,00
For every additional soil water fitting above 6	R1,00
(d) Per improved erf from which category C sewage is discharged -	
for 4 soil water fittings, of fewer	R10,00
for every additional soil water fitting above 4	R1,00

(e) Where more than one category of sewage is discharged from an improved erf -

(i) the charges referred to in subparagraph (b) shall be payable in respect of category A sewage which is so discharged;

(ii) the charges referred to in subparagraph (c) shall be payable in respect of category B sewage which is so discharged;

2. Paragraaf A van die Skaal van Tariewe vir die Gebruik van Rioolpype, Riole of Rioleringswerke in die munisipale gebied Windhoek word hierby gewysig deur subparagrawe (a), (b) en (c) deur die volgende subparagrawe te vervang:

	Per maand of gedeelte van 'n maand
"(a) Per onbeboude erf	R4,00
(b) Per beboude erf waarvandaan kategorie A rioolslyk uitloop	R4,00
(c) Per beboude erf waarvandaan kategorie B rioolslyk uitloop -	
vir 6 vuilwaterinrigtings, of minder	R6,00
vir elke addisionele vuilwaterinrigting bo 6	R1,00
(d) Per beboude erf waarvandaan kategorie C rioolslyk uitloop -	
vir 4 vuilwaterinrigtings, of minder	R10,00
vir elke addisionele vuilwaterinrigting bo 4	R1,00

(e) Waar meer as een kategorie rioolslyk vanaf 'n beboude erf uitloop, word -

(i) ten opsigte van kategorie A rioolslyk wat aldus uitloop, die in subparagraaf (b) bedoelde tarief betaal;

(ii) ten opsigte van kategorie B rioolslyk wat aldus uitloop, die in subparagraaf (c) bedoelde tariewe betaal;

(iii) the charges referred to in subparagraph (d) shall be payable in respect of category C sewage which is so discharged.

(f) In the case of urinals where the trough system is applied every 70 cm lenght of trough, or part thereof, used for urinal purposes or designed to be so used, shall for the purposes of these charges be considered to be a separate soil water fitting.".

3. Paragraph B of the TARIFF OF CHARGES FOR USE OF DRAINS, SEWERS OR SEWERAGE WORKS in the municipal area of Windhoek is hereby amended by the substitution for items (a) up to and including (u) of subparagraph (1) of the following items:

"(a) For the discharge from any premises, per soil water fitting from which -

	Per month or part of a month
(i) category A sewage is discharged	R0,80
(ii) category B is discharged	R1,50
(iii) category C sewage is discharged	R2,50

(b) In the case of urinals where the trough system is applied every 70 cm lenght of trough, or part thereof, used for urinal purposes or designed so to be used, shall be consedered to be a separate soil water fitting for the purposes of these charges.".

(iii) ten opsigte van kategorie C rioolslyk wat aldus uitloop, die in subparagraaf (d) bedoelde tariewe betaal.

(f) In die geval van urinale waar die geutstelsel toegepas word, word elke 70 cm geutlengte, of gedeelte daarvan, wat vir urinaaldoeleindes gebruik word of beoog word om aldus gebruik te word, vir die doeleindes van hierdie tariewe as 'n afsonderlike vuilwaterinrigting beskou.".

3. Paragraaf B van die Skaal van Tariewe vir die Gebruik van Rioolpype, Riole of Rioleringswerke in die munisipale gebied Windhoek word hierby gewysig deur items (a) tot en met (u) van subparagraaf (1) deur die volgende items te vervang:

"(a) Vir die uitloop van 'n perseel, per vuilwaterinrigting waarvan

	Per maand of gedeelte van 'n maand
(i) kategorie A rioolslyk uitloop	R0,80
(ii) kategorie B rioolslyk uitloop	R1,50
(iii) kategorie C rioolslyk uitloop	R2,50

(b) In die geval van urinale waar die geutstelsel toegepas word, word elke 70 cm geutlengte, of gedeelte daarvan, wat vir urinaaldoeleindes gebruik word of beoog word om aldus gebruik te word, vir die doeleindes van hierdie tariewe as 'n afsonderlike vuilwaterinrigting beskou.".

Advertisements

HERPUBLIKASIE VAN:

(1) 19820927 OP 102 — SUIDWES-AFRIKA (2) Road Runners (Edms) Bpk., Grootfontein — Aansoek om oordrag vanaf J.C. Jooste (3) 47 voertuie (4) en (5) Soos per die aangehegte bylaes "A" tot "J".

BYLAE A

1. Eie ambagsgereedskap, masjinerie, steierwerk en voorrade op hande vir eie gebruik asook eie werknemers in die loop van hul diens indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie en eie kamptoerusting vir eie gebruik deur sodanige werknemers en nie vir verkoopdoeleindes nie en rantsoene en voorafvervaardigde huise vir eie gebruik alleenlik — Vanaf een eie *bona fide* besigheidsterrein na 'n ander een eie *bona fide* besigheidsterrein geleë binne Suidwes-Afrika.

2. Eie onderdele vir eie gebruik alleenlik wanneer dit benodig word vir die onmiddellike *bona fide* herstel en/of instandhouding van masjinerie en/of werktuighundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit aflewering aan enige besigheidspersele ter aanvulling van voorrade — Binne Suidwes-Afrika.

3. Eie defektiewe masjinerie en/of dele daarvan vir dringende herstel — Vanaf eie *bona fide* besigheidsterreine geleë binne S.W.A. regstreeks na 'n plek binne S.W.A. waar dit dringend herstel moet word en terug.

BYLAE B

1. Boukalk en sement vir padboudoeleindes alleenlik — Vanaf Grootfontein en Tsumeb na padboukonstruksiepersele geleë binne Owambo en die landdrosdistrikte van Grootfontein en Tsumeb uitgesluit die vervoer vanaf Tsumeb na Ondangwa, Oshakati, Ongongo, Ombalantu, en Ruacana.

SCHEDULE C

1. Pipe and box culverts, steel guard rails, spare parts, oil in drums and concrete curb stones, panels of prefabricated site huts plus all fittings for erection thereof — From Grootfontein and Tsumeb to road construction sites located in Owambo, Kavango, Bushmanland, Caprivi, Hereroland and the districts of Grootfontein and Tsumeb — Excluding conveyance of the said goods from Tsumeb to Ondangwa, Oshakati, Ongongo, Ombalantu and Ruacana.

Advertensies

BYLAE D

Alle soorte goedere — Vanaf en na Grootfontein na en vanaf punte geleë binne Oos-Caprivi en Wes-Caprivi op voorwaarde dat geen goedere te Rundu afgelaai of opgelaai word nie.

BYLAE E

Goedere alle soorte — Vanaf en na Grootfontein en Tsumeb na en vanaf weermagbasisse geleë (a) binne Owambo te Nkongo, Eetali en (b) Omauni geleë te Okavango.

BYLAE F

1. Alle soorte goedere ten behoewe van die Weermag — Vanaf Grootfontein na Katima Mulilo asook twee weermagbasisse Omega en Buffalo geleë binne die Caprivi.

BYLAE G

1. Algemene goedere namens die Regeringsdiens van Oos Caprivi kragtens 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika — Vanaf Grootfontein na Katima Mulilo.

2. Blokke hout namens die Regeringsdiens van Oos Caprivi kragtens 'n geldige kontrak soos toegestaan deur die Tenderraad van Suidwes-Afrika — Vanaf Katima Mulilo na Grootfontein.

3. Landbouprodukte namens die Ontwikkelingskorporasie van die Caprivi kragtens 'n geldige kontrak met die Ontwikkelingskorporasie van die Caprivi — Vanaf Katima Mulilo na Grootfontein.

BYLAE H1

BYLAE UITGEREIK IN SAMEHANG MET OPENBARE PADVERVOERPERMIT NR.....VOERTUIG NR .....

1. Goedere alle soorte (uitgesluit lewende hawe) binne die gedeelte van Grootfontein landdrosdistrik geleë wes van en uitsluitend die volgende plase geleë binne Grootfontein landdrosdistrik: Grenswag 981, Duideveld 982, Tolnel 983, Omambonde Wes 157, Annenhof 158, Gunuchas 162, Gaikaisa 159, Oes 160, Hoffnung 175, Bongora 592, Plaas 747, Plaas 380, Amagobib 45, Hoffnung 14, Uitsab 654 en Harasib 317 met die bepaling dat geen goedere opgelaai mag word op 'n plek binne 'n strook van 10(tien) kilometer weerskante van 'n spoorweg, of gereelde padvervoerdiens ten opsigte waarvan 'n openbare padvervoerpermit bestaan indien sodanige goedere op 'n ander plek geleë binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdiens of enige ander spoorweg of padvervoerdiens vorm, afgelaai moet word nie, indien gemelde dienste sodanige plekke bedien of bereid is om sodanige plekke te bedien.

2. Sand, gruis, klip, grond, opvullingsmateriaal en rommel — Binne 'n gebied met 'n radius van 80 (tagtig) kilometer bereken vanaf Grootfontein Hoofposkantoor.

3. Slegs die volledig vervaardigde gedeeltes van 'n muur, vloer, plafon, dak of raamwerk van 'n voorafvervaardigde gebou wat spesiaal vervaardig is as integrerende dele van 'n muur, vloer, plafon, dak of raamwerk van so 'n voorafververvaardigde gebou, tesame met die gereedskap en enige materiaal wat nodig is om die komponente op te rig en aanmekaar te hou — Binne die grense van die militêre basis geleë binne Grootfontein munisipale gebied.

4. Goedere alle soorte — Binne die gedeelte van Grootfontein landdrosdistrik oos van en insluitende die volgende plase geleë binne Grootfontein landdrosdistrik: Grenswag 981, Duineveld 982, Tolnel 983, Omambonde Wes 157, Annenhof 158, Gunuchas 162, Gaikaisa 159, Oes 160, Hoffnung 175, Bongora 592, Plaas 747, Plaas 380, Amagobib 45, Gute Hoffnung 14, Uitsab 654 en Harasib 317 met die bepaling dat geen goedere opgelaai mag word op 'n plek binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van 'n spoorweg, of gereelde padvervoerdiens ten opsigte waarvan 'n openbare padvervoerpermit bestaan indien sodanige goedere op 'n ander plek geleë binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdiens of enige ander spoorweg of gereelde padvervoerdiens wat 'n skakel met sodanige spoorweg of padvervoerdiens vorm, afgelaai moet word nie, indien gemelde dienste sodanige plekke bedien of bereid is om sodanige plekke te bedien.

BYLAE I

1. Goedere in die loop van die houer se bedryf, handel of besigheid; (i) deur die verkoper daarvan vir aflewering aan die koper daarvan, of deur die eienaar daarvan na 'n plek waar hy voornemens is om dit te verkoop of vir verkoop op te berg; (ii) deur die koper daarvan by verwydering van die plek waar hy dit gekoop het; (iii) deur die eienaar daarvan na 'n plek waar hy voornemens is om dit te gebruik of vir 'n ander doel as verkoop op te berg; deur middel van die motorvoertuig hierin beskryf wat aan die eienaar van die bedoelde goedere alleen behoort, binne 'n radius van 50 (vyftig) kilometer bereken vanaf sy plek van bedryf, handel of besigheid te Grootfontein.

2. Eie goedere — Binne die landdrosdistrikte van Grootfontein en Tsumeb.

3. Eie gereedskap, masjinerie, steierwerk en voorrade op hande vir eie gebruik asook eie werknemers in die loop van hul diens indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie en eie kamptoerusting vir eie gebruik deur sodanige werknemers en nie vir verkoop doeleindes nie en rantsoene en eie voorafvervaardigde huise vir eie gebruik alleenlik — Vanaf een eie *bona fide* besigheidsterrein na 'n ander binne Suidwes-Afrika.

4. Eie onderdele vir eie gebruik alleenlik wanneer dit benodig word vir die onmiddellike *bona fide* herstel en/of instandhouding van masjinerie en/of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word maar uitgesluit aflewering aan enige besigheidspersele ter aanvulling van voorrade — Binne Suidwes-Afrika.

5. Eie defektiewe masjinerie en/of dele daarvan vir dringende herstel — Vanaf eie *bona fide* besigheidsterreine geleë binne Suidwes-Afrika regstreeks na 'n plek binne Suidwes-Afrika waar dit dringend herstel moet word en terug.

6. Brandstof in grootmaat asook smeerolies — Vanaf die naaste grootmaatdepot na plekke geleë binne die landdrosdistrikte van Grootfontein en Tsumeb.

7. Petrol in massa — Vanaf Tsumeb na Grootfontein. (ONDERHEWIG AAN HERSIENING TE ENIGE TYD)

8. Hout ten behoewe van en behorende aan Madeira Du Sol, Angola — Vanaf Nkurenkuru na Grootfontein spoorwegstasie.

9. Eie hout — Vanaf plekke van aankoop geleë binne die landdrosdistrik van Grootfontein na Grootfontein spoorwegstasie.

10. Eie gereedskap asook eie werknemers in die loop van hulle diens indien geen vergoeding vir sodanige vervoer bereken word nie — Binne die landdrosdistrikte van Grootfontein en Kavango.

11. Brandstof en smeerolies — Vanaf Grootfontein oor Rundu slegs vir aflewering te Nkurenkuru.

12. Leë houers — Vanaf Nkurenkuru na Grootfontein oor Rundu slegs vir aflewering te Grootfontein.

13. Goedere en mangaanerts ten behoewe van Walvisbaai Mining Co. Bpk. — Tussen Okahandja en Otjisondo.

14. Goedere ten behoewe van Suidwes-Afrika Co. Bpk. — Vanaf en na Abenab na en vanaf Berg Aukas na en vanaf Grootfontein.

15. Goedere ten behoewe van Kiln Products — Vanaf en na Abenab na en vanaf Berg Aukas na en vanaf Grootfontein.

16. Onderdele wat benodig word vir die onmiddellike *bona fide* herstel van masjinerie of werktuigkundige installasies wat defek geraak het en wat weens dringende omstandighede spoedeisend herstel moet word, uitgesluit enige aflewering aan enige besigheidsperseel ter aanvulling van voorrade en onderhewig aan die voorwaarde dat die vervoer uitsluitlik ten behoewe van South West Company, wat handel dryf as Berg Aukas Myn, onderneem word — Vanaf Walvisbaai en Windhoek na Grootfontein.

17. Kunsmis — Binne die landdrosdistrikte van Grootfontein en Tsumeb met die bepaling dat geen goedere opgelaai mag word op 'n plek binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van 'n spoorweg of gereelde padvervoerdiens, ten opsigte waarvan 'n openbare padvervoerpermit bestaan, indien sodanige goedere op 'n ander plek geleë binne 'n strook van 10 (tien) kilometer weerskante van dieselfde spoorweg of padvervoerdiens of enige ander spoorweg of gereelde padvervoerdiens, wat 'n skakel met sodanige spoorweg of padvervoerdiens vorm, afgelaai moet word nie indien gemelde dienste sodanige plekke bedien of bereid is om sodanige plekke te bedien.

18. Padbou- en grondverskuiwingsmasjinerie wat 10,97 meter in lengte en 2,59 meter in hoogte of 10,97 meter in lengte en 2,49 meter in wydte of 2,59 meter in hoogte en 2,49 meter in wydte oorskrei uitsluitlik ten behoewe van South West Company, wat handel dryf as Berg Aukas Myn — Binne die landdrosdistrikte van Tsumeb en Grootfontein.

19. Padbou- en grondverskuiwingsmasjinerie wat 10,97 meter in lengte en 2,59 meter in hoogte of 10,97 meter in lengte en 2,49 meter in wydte of 2,59 meter in hoogte en 2,49 meter in wydte oorskrei — Vanaf en na plekke geleë binne die landdrosdistrikte van Grootfontein en Tsumeb na en vanaf Oshivelo.

20. Abnormale vragte, goedere en grondverskuiwingsmasjinerie, wat 10,97 meter in lengte en 2,49 meter in wydte of 10,-97 meter in lengte en 2,59 meter in hoogte oorskrei — Vanaf Grootfontein na plekke binne die Kavango en Caprivi.

21. Abnormale vragte, goedere en grondverskuiwingsmasjinerie, wat 10,97 meter in lengte en 2,49 meter in wydte of 10,-97 meter in lengte of 2,59 meter in hoogte oorskrei — Vanuit die landdrosdistrikte van Grootfontein en Tsumeb asook vanuit die gebiede Owambo, Kavango en Caprivi na plekke geleë binne Suidwes-Afrika.

22. Boukalk en sement vir padboudoeleindes alleenlik en vir aflewering alleenlik op padboukonstruksie-persele — Vanaf Grootfontein na padboukonstruksiepersele geleë binne Owambo, Boesmanland, Caprivi, Kavango en Grootfontein landdrosdistrikte.

23. Los pottas — Vanaf die Otjiwalunda panne na Tsumeb en Grootfontein via Ondangwa.

BYLAE J

1. Alle soorte goedere namens en ten behoewe van die S.A. Spoorweë en hawens alleenlik op versoek van die S.A. Spoorweë en Hawens oor die volgende roetes:-

(a) Vanaf Grootfontein spoorwegstasie na:

i) Rundu oor die Grootfontein/Rundu hoofpad en terug oor dieselfde roete; en

ii) Katima Mulilo oor Vungu Vungu, Urokota, Naionda, Mashare, Nayuna, Shitemo, Mbambi, Mauara, Andara, Nkurenkuru, Rundu, Mupini, Sambuca, Muwewe, Rupara, Musese, Katora, Tontora en Karanana en terug oor dieselfde roete.

b) Vanaf Tsumeb spoorwegstasie na:-

i) Odibo oor Otjikotoo Berg, Riepe, Toevlug, Dinaib, Massaus, Omparar, Hugeland, Leeupos, Buffelshoek, Geluk, Sachsenheim, Operet, Onamuzile, Kilometer 272, Onjaanja, Oniipa, Ondangwa, Oshakati, Omafu, Oshikango en terug oor dieselfde roete;

ii) Ombalantu oor Onjaanja, Oniipa, Ondangwa, Oshakati en terug oor dieselfde roete;

iii) Ondangwa oor Onjaanja en Oniipa en terug oor dieselfde roete;

iv) Oshakati oor Onjaanja, Oniipa en Ondangwa en terug oor dieselfde roete; en

v) Ruacana oor Ondangwa, Oshakati en Ombalantu en terug oor dieselfde roete.

c) Vanaf Outjo spoorwegstasie na:-

i) Khorixas oor Sophienhof, Straussheim (Dorking), Munsterland (Orongune), Knapdaar (Orutjande), Steineck, Eendrag, Steineck, Zuwitsaub, Tsuwandes, Uranus, Volunteer, Saturn, Gaseneirob, Hira, Schweickhardsbrunn (Omusema), Tsumamas, Bothashof, Tsumamas, Dornputz, Tsumamas, Eastwood, Goinatseb, Naachaams, Fransfontein, Navarre (Bamspost) en Shalom en terug oor dieselfde roete; en

ii) Opuwa oor Kamanjab, Weissbrunn, Blyerus, Rooilynhek, Otjitjekua, Orumana en terug oor dieselfde roete.

Printed and obtainable from
SWAPERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur en verkrygbaar by
SWAPERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika